

12 Augustus - NUUT/NUWE

Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8 (NAV)

Fokusgedeelte: Openbaring 21:5a

Een van die laaste openbaringe wat Jesus Christus aan sy apostel Johannes gee, is dat hy 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde sien. Jesus, die Skeppingsmiddelaar, die Woord van God, wat daar was toe alles wat bestaan baie goed geskape is, is tot op die laaste sekonde van die tyd nog steeds die Skeppingsmiddelaar wat die mag van sy Vader ontvang het om aan sy kinders te openbaar wat aan die einde van die tyd gaan gebeur.

Johannes sien dit nie net nie. Hy hoor ook hoe hy opgeroep word om dit wat hy sien, werklik met sy oë tot in sy diepste wese in te neem, naamlik dat Hy wat op die troon sit, sê: "Kyk, Ek maak alles nuut."

Hoe het God se goeie skepping tog nie as gevolg van die mens se sondeval en Satan se aanslag verval in 'n ou, moeë, verflenterde bestaan nie! Paulus praat van die skepping wat in die pyne van verwagting sug, omdat dit 'n slaaf van die verganklikheid is (Rom 8:21). *"En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook"* (Rom 8:23).

Daarom is dit so wonderlik om 'n heerlike toekomsverwagting te mag hê oor dit wat kom, vir ons wat vrygespreek is deur die bloed van Christus: 'n nuwe hemel, 'n nuwe aarde, 'n nuwe Jerusalem (die volle, verheerlikte geloofsgemeenskap).

Ja, álles nuut – die verganklikheid waartoe die sonde ons verslaaf het, vir ewig weg: geen tranes meer, geen dood meer, geen leed, smart en pyn meer nie!

Terwyl ons in hierdie lewe nog sug en swaar- en seerkry as gevolg van hierdie verflenterde gebrokenheid, mag ons deur die geloof daarby verby kyk tot by die ewige horison waar alles weer nuut sal wees.

Sing: Skrifberyming 18-6:1-5

Ds JH Cilliers (Reitz)